

JAARVERSLAG 2007

DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 31(1) van Wet 101 van 1997), die Raad van advies bedien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die uitvoering van die bepalings van vermeldde wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF word, wanneer haalbaar, deur drie taakgroepe – die taakgroepe vir Diversiteit en Billikheid, vir Institusionele Beplanning en vir Institusionele Kultuur – gekanaliseer. Die taakgroepe word, wanneer nodig, aangevul deur ad hoc-groepe. Taakgroepe het die opdrag om sake in diepte te ondersoek wat aan hulle toegewys is en moet by die IF daarvoor verslag doen en hulle adviseer, sodat die IF daarna weldeurdagte advies aan die Raad kan lewer.

Samestelling

Die Institusionele Forum bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe uit elk van vier groeperinge wat soos volg saamgestel is:

Beheer- en Bestuursektor: Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die Bestuur aangewys deur die Bestuur, en die Registrateur of 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

Personelsektor: Twee lede verkies uit eie geledere deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

Studentesektor: Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings, en twee lede van die Akademiese Belangeraad aangewys deur die Akademiese Belangeraad.

Gemeenskapsektor: Twee lede van die konvokasie aangewys deur die president van die konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

Verslag van die Institusionele Forum oor 2007 se werksaamhede

Algemeen

Die IF se werksaamhede die laaste aantal jare in twee dele verdeel word, nl. aan die een kant die normale pligte om die US Raad van advies bedien en kommentaar op die toepassing van die Wet op Hoëronderrig, Wet 101 van 1997 deur die Bestuur van die Universiteit, te lewer. Aan die ander kant is die IF nou al 'n paar jaar op 'n afgebroke wyse besig om gesprek te voer oor wat die rol van die IF behoort te wees. Dit gaan veral daaroor of die IF streng net by die wetlik voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede moet bly of moet daar meer gefokusde betrokkeheid by spesifieke sake, bv. gemeenskapsinteraksie, wees. Hierdie tweede aspek sal, totdat 'n bevredigende antwoord verkry is, deurlopend op die agenda bly.

In die 2007-verslagjaar het die IF oor enkele aspekte advies in die vorm van formele rapporte aan die US Raad gelewer:

Aanstelling van die Viserektor (Onderrig) en Viserektor (Navorsing)

Die IF het, in lyn met die US Reglement insake prosedure by die Anstelling van 'n Rektor en van Viserectore, die Raad van advies bedien oor die aanstelbaarheid van die persone op die twee kortlyste asook die aanwys van 'n voorkeurkandidaat vir elke pos.

Die US se Beleid oor studente met spesiale leerbehoefte/gestremdhede

Die IF spreek hulle waardering uit vir die feit dat daar so 'n beleid geformuleer is en vir die inhoud en formaat van die beleid. Dit is 'n weldeurdagte en goed geformuleerde beleid en slegs enkele wysigings is aanbeveel.

Die US se Beleid insake die aanbieding van kortkursusse

Die IF het die beleid oorweeg en die volgende algemene voorbehoude uitgespreek. Dat:

- 1 die universiteit se gehaltebeeld nie deur die aanbieding van sulke kursusse moet skade lei nie;
- 2 dat die belange van huidige studente verskans word tov beskikbaarheid van dosente en fisiese fasiliteite;
- 3 dat kursusse nie botsend moet wees met die akademiese aanbod van die US nie;
- 4 dat balans gehandhaaf word tussen gemeenskapinteraksie en dosente se normale verpligtinge;

5 dat seker gemaak word dat dosente wat sodanige kortkursusse in
privaathoedanigheid aanbied nie 'n sertifikaat kan uitreik met die US se handelsmerk
nie;

6 dat daar behoorlike behoeftebepaling deur die betrokke departemente gedoen word;

Diskussiedokument: Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch konasep, 9 November 2007

Die dokument is, na inleidende opmerkings deur kundiges, aan die hand van die volgende
mosie wat deur lede van die vergadering voorgestel is, bespreek. Die mosie is met 'n
meerderheid aanvaar:

*Die IF ondersteun nie die voorgestelde taalbeleid van die US soos uiteengesit in die
tweede konsep van die diskussiedokument gedateer 9 November 2007 nie en stel voor
dat dit van nuuts af heropgestel word.*

Ten slotte

Die IF het gedurende 2007 gepoog om wel steeds bekend te wees as 'n forum waar sake in
diepte bespreek kan word. Voortdurend selfondersoek oor die rol van die IF op kampus is dus
vanselfsprekend.

In die geheel neem die IF aktief deel aan besprekings rondom kwessies wat die US raak, en
bly die uitnodiging staan dat enige persoon sake wat te make het met beleid, kultuur of
beplanning aan die US, onder die IF se aandag kan bring vir debat en bespreking.

Die IF is tevrede dat sy gedurende 2007 wel 'n sinvolle bydrae tot die werksaamhede van die
Universiteit gemaak het.

Le Roux Burrows

Dr Le Roux van der Westhuizen

Voorsitter (tot 6 November 2007)

Voorsitter (vanaf 7 November 2007)